

DIE AFRIKAANSE EISTEDDFOD

WAT DIT ONS GELEER HET

Deur

JOH. LUYT



DAAR is geen twyfel nie of die wêreld van suiwere musiek is in 'n tydperk van algemene neerslag. Die oorsaak? Radio, grammofoon, spreekrolprent. Omtrent twintig jare gelede kon iemand wat 'n jong musikus was, met goeie kwalifikasies van 'n erkende musiekinrigting en wat bekwaamheid besit het om onderwys te gee, verseker wees van goeie inkomste. Teenswoordig word die leerlinge steeds skaarser. Die oorsaak? Die algemene manie vir motorkar, tennis, dans, brug. Studente wat oortuig is dat musiek hulle roeping is, gaan na Europa vir verdere ontwikkeling; en as hulle na hul vaderland terugkeer, is daar geen gehoor om na hulle te luister nie. Dis teenswoordig baie moeilik om 'n konsertsaal te vul as daar nie 'n besondere attraksie is wat nie uitgesaai word nie. Daar is baie mense wat selfs al skrik van die woord „simfonie” en tog nooit daarna sal gaan luister nie. So is die toestand van die musiek, nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in baie Europese lande.

Ofskoon die vooruitgang op meganiese gebied, wat betref die opname van klank, ons grootste bewondering afdwing, glo ek nie dat dit van lange duur sal wees nie. Radio en spreekrolprent sal op die lange duur hul waarde verloor; die mense sal weer terugverlang na suiver klank, sonder die hulp van meganisme.

DIE EISTEDDFOD AS REDDINGS-MIDDEL.

Wat het die Afrikaanse Eisteddfod ons geleer? Die Musiekafdeling beoog om ontwikkeling en belangstelling in die kuns te bevorder. Maar die bestuur en onderwysers moet verder kyk. En elke jaar leer hulle meer. Vanjaar het die Eisteddfod ons oë oopgemaak ten opsigte van die reusagtige vooruitgang in die Resitasieafdeling en die afval in die Musiekafdeling—nie in kwaliteit nie, maar in kwantiteit. Waaraan moet ons dit toeskrywe? Natuurlik dis baie makliker om 'n stuk poësie of prosa op te sê as om 'n lied te sing. Vanaf die eerste standaard op skool leer die kleinspan resitasies; hulle sê dit in skool op en ook by die huis in die famieliekring, waartoe hulle aangemoedig word. Ek betwyfel of daar 'n land is waar die amateurs kan wedywer met Suid-Afrika wat betref akteur, Afrikaanssprekendes so goed as Engelssprekendes. Die aanleg vir 'n natuurlike, vrye aksie, die vrymoedigheid om hom te kan uit voor 'n gehoor wek steeds meer die bewondering op van mense wat nie in Suid-Afrika gebore is nie. Die onbetwisbare eienenskap vind sy kern in die feit dat die kleinspan vanaf hul prilste jeug resitasies geleer het waarby hulle selfstandig optree.

Wat gebeur nou met sang? Die spreekwoord sê: „Goed gepraat is half gesing.” Ek weet daar is

baie onderwyseresse wat aan die saak veel sorg bestee. Ons het hiervan die goeie resultate op die Eisteddfod gehoor. Maar dis klansang—dit meen dat almal tegelyk sing. Die kinders wat die minste musikaal is, trek hieruit baie min nut, omdat hulle deur die sterkeres meegesleep word. Maar baie min kinders kan alleen 'n liedjie sing, omdat hulle nie daartoe aangemoedig word soos met resitasies nie. Sal onderlinge kompetesies dit nie kan verbeter nie?

Die kind wil self-werksaamheid, en dit kan verkry word met hom sy eie kinderstemmetjie te laat gebruik. Die persone wat hulle verantwoordelik stel vir die musikale opvoeding van die kind, moet rekening hou met die tans heersende terugslag, en

hulle moet help om dit weer op te bou. En waar kan dit beter gebeur as by die kind?

Duitsland is weer hard op weg om sy kop ver bo ander lande uit te steek wat musiek betref. Musiek in dié land is vir die mense 'n deel van hul daaglikse voedsel. Rusland geniet ook 'n bloeityd. Waarom? Omdat die onderwysinrigtings vir musiek en skone kunste deur die staat bekostig word, die onderwys orals gratis gegee word, en die staat bekostig publikasies.

Die Kaapse Orkes doen uitstekende werk met die konserte vir skoolkinders, en die verduidelikings van die Musiekdirekteur help ook om die liefde vir mooi musiek op te bou. Hy weet ook dat net die beste goed genoeg is vir die kinders.

klavier en ook die mikrofoon, wat elkeen so senuweeagtig maak. Eers het ons die stukke gesing om te weet hoe lank dit neem om hulle te sing, want hulle kan nie 'n sekonde te lank of te kort wees nie. Ons het toe vier stukke tydklaar gemaak, die opnemer het na sy masjienkamer gegaan, en toe het dit erns geword. Die twee soliste plaas hulle voor die mikrofoon en die koor staan daaragter. „Klaar?” vra die bestuurder, wat by ons gebly het. Die koppe knik net „ja,” want ons durf nie praat nie. Brrrr gaan die klokke en die klavierbegeleidster begin te speel. „Stop!” roep die bestuurder. „Ken u nie die tekens nie? Eenmaal brrrr, meen: gee ag! Tweemaal: Hou die hande klaar op die klavier! 'n Vonkie in die lampie: begin! Ons kry die teken weer; die vonkie kom, die klavier-speelster begin. Maar die vonkie verdwyn weer net so skielik as dit gekom het, en sy dink sy is verkeerd, en hou op met speel.

„Maar wat is dit nou?” vra die bestuurder.

„Die liggie is weg,” sê sy, „ek is verkeerd.”

„Nee,” antwoord hy, „dit was eersteklas. Dis nie 'n liggie nie, net maar 'n vonkie.”

Ons het toe geskaterlag.

Nou begin ons weer; maar nou dié slag gaan alles goed. Toe ons die stukkie klaar gesing het, gaan ons na die masjienkamer om die plaat te hoor. Ons luister in spanning, die twee soliste met hul neuse so te sê, bo op die grammofoon. Maar wat hoor ons nou? Dit lyk of die stemme met mekaar veg en dan weer lag. Die masjien het 'n grap gemaak. Daar die plaat net 'n toets was om ons te laat hoor, het hy al die geharrewar van die tekens ook opgeneem. Daarna kom die stukkie; en dit het baie mooi geklink. Die bestuurder het daarvan gehou om sy eie stem te hoor, want hy het die plaat nog 'n keer laat opsit. Ons het teruggekeer na die studio, ons vier stukkes klaar gesing, en aangesien hulle ons nie gestop het nie, veronderstel ons dat dit goed was. Die opnames het ons eger nie kon hoor nie. Die plate is in kiste gepak om na Engeland gestuur te word, waar hulle weer deur verdere deskundiges goed- of afgekeur word. Die goedgekeurdes sal later na Suid-Afrika teruggestuur word.

In die saal het omtrent vyf-entwintig kiste gestaan met opnames uit die Unie; die sangmusiek op Afrikaanse woorde. Dis die tweede oplae; van die eerste het al baie plate teruggekom, klaar vir die verkoop. Ek vra die bestuurder: „Hoeveel sal van daardie kiste terugkom?”

Hy antwoord: „Ek hoop almal.”

Ons het 'n leersame en aangename namiddag deurgebring, en ons dink nog aan die wonder van die uitvinding dat 'n minuut nadat ons klaar gesing het, ons alles op 'n grammofoonplaat kon hoor. Ons hoop dat die groot onderneming van die firma Polliack en mnr. Cohen 'n sukses sal wees terwille van die Afrikaanse taal.

VERLANGE

*As awend val oor velde vaal,
En skeem'ring oor die aarde daal,
En alles rus in stille vree,
Die rus deur God aan ons gegee,
Dan ruis daar in my siel 'n bee
Om daar te wees: ver oor die see,
Waar sy, deur my so teer bemind,
Wie liefdesband aan my verbind,
Nog altyd wag vir my.*

*Saam wil ons nog ons lewe sluit,
Saam luister hoe die voëltjies fluit
In blomtuin deur ons self bereid;
Saam luister hoe die water bruis
Oor klippies in ons eie sluis;
Saam lag en ween en werk en rus
Ag Heer, mag hierdie bede' dus,
Wat in my leef al meer en meer,
Nie ledig tot my wederkeer.*

A. v. R.

DIE WERK VAN COLUMBIA

'N UURTJIE IN DIE STUDIO VAN POLLIACK.

Soos ons weet, is die firma Polliack deur die Columbia-maatskappy gemagtig om Afrikaanse grammofoonplate te maak. Die opnames het al in Mei begin, en hulle is nog besig. Mnr. Cohen, die bestuurder van die Grammofoonafdeling van die firma Polliack, het al die aspirante gehoor en daarvan die bestes gekies. Toe het twee deskundiges van Engeland uitgekom om die opnames te maak. Hulle was in die vernaamste stede van die Unie werksaam gewees. Ons waardeer natuurlik die onderneming van Columbia, daar vir die opnames die Afrikaanse taal op groot skaal gebruik is.

Die Afrikaanse Dameskoor is ook gebruik vir hierdie doel. 'n Saterdagmiddag het ons daarheen gestap,

gewapen met ses koorstukke. In die gebou van die „War Star”-klub, in Pleinstraat het ons byeen gekom. Nadat ons naasteby sestig trappe geklim het, kom ons by 'n plek waar „Silence” in groot letters ons aangryns. Ons het toe bykans nie durf asemhaal nie, want ons hoor 'n dame sing. 'n Oppasser het ons 'n saal gewys waar ons kon wag. Ofskoon die woord „Silence” ook in dié saal staan, het die mense wat daar aanwesig was, hulle daaraan nie gesteur nie. Die sestien dames van die koor het gemaak wat dames gewoonlik maak as hulle bymekaar is en nie sing nie. Eindelik kom die beurt aan ons. Nou gaan ons 'n ander saal in met „Silence” orals. Die saal is ingerig soos die studio van die Radio-huis. Al die hout is met gordynstof beklee en die vloer met matte bedek om die klank in te hou. In die middel staan die